



Potchefstroomse Universiteit
vir Christelike Hoër Onderwys

WETENSKAPLIKE BYDRAES
REEKS H: INOUGURELE REDE NR. 144

ENTREPRENEURSKAPSOPVOEDING OP PAD NA 2000

Prof. J Kroon

inogurele rede gehou op 19 Julie 1996

Publikasiebeheerkomitee
Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys
Potchefstroom
2520

V98/2447

Die Universiteit is nie aanspreeklik vir menings in die publikasies uitgespreek nie.

Navrae in verband met *Wetenskaplike Bydraes* moet gerig word aan:

Die Publikasiebeheerkomitee
Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys
2520 POTCHEFSTROOM

Kopiereg © 1998 PU vir CHO

ISBN 1 86822 319 1

ENTREPREURSKAPOPVOEDING OP PAD NA 2000

Intreerede: Prof. J. Kroon, Departement Ondernemingsbestuur, PU vir CHO.

1. INLEIDING

Die doel van die rede is om aan te toon hoe belangrik entrepreneurskapopvoeding vir 'n land is. 'n Model vir entrepreneurskapopvoeding sal vir Suid-Afrika voorgelê word en die moontlikhede vir die aanbieding van entrepreneurskap aan die PU vir CHO.

Die aanbieding van entrepreneurskap aan tersiêre instellings het gedurende die vroeë sewentigerjare in die VSA begin. In 1975 het 50 universiteite en kolleges kursusse in entrepreneurskap aangebied teenoor meer as 1000 tans (Timmons, 1994:vii). Een van die belangrikste redes was waarskynlik die bewuswording dat nuwe werkgeleenthede hoofsaaklik deur kleinsakeondernemings geskep word. In Suid-Afrika het hierdie paradigmaterskuiwing teen die einde van die tagtigerjare begin plaasvind. Die resultaat daarvan was dat 'n semesterkursus in entrepreneurskap vanaf 1991 op voorgraadse vlak as deel van ondernemingsbestuur (toe bedryfseconomie) aan die PU vir CHO aangebied word.

Entrepreneurskapopvoeding is die menslike handeling wat aktuele rigting aan die mens se ekonomiese lewe gee deur toerusting tot roepingsvervulling (Van der Westhuizen, 1978:229-230). Entrepreneurskapopvoeding word as 'n voorvereiste vir die ekonomiese ontwikkeling van 'n land aanvaar waarin entrepreneurs die persone is wat verandering en vernouing bewerkstellig (Jennings, 1994:293).

2. ENTREPRENEURSKAP

Entrepreneurskap is die taak waarin gemotiveerde persone 'n verskeidenheid vaardighede gebruik om waarde toe te voeg aan 'n spesifieke doelmerk in die verskaffing van 'n unieke markaanbieding. Entrepreneurs is uitvoerders wat die logika en verwantskap van dinge ondersoek om so hulle markaanbieding te ontwikkel. Entrepreneurs verminder hulle risiko deur meerdere kennis te verkry en beskou verandering nie as 'n bedreiging nie, maar tree te midde daarvan effektief op om die verskil tussen sukses en mislukking te maak.

Die volgehoue poging van die entrepreneur om 'n sekere vlak van resultate te behaal word mis gekyk. Dit neem baie keer tien tot selfs twintig jaar se harde werk om oornag 'n sukses te word. Suksesvolle entrepreneurs identifiseer nie alleen nuwe gebiede waarin kennis toegepas kan word nie, maar skeep dit ook (Gunderson, 1990:47).

Entrepreneurs leer deur die herontdekking van die logika van verhoudings wat die meeste mense ignoreer omdat aangeneem word dat dinge nie anders kan wees nie. Hulle moet baie oop in hulle denke wees vir potensiële oplossings, want 'n groot deel van leidrade kom uit onverwante gebruikte. Entrepreneurs beheer hulle bestemmings deur 'n duidelike visie van die produk of diens te hê wat hulle wil ontwikkel.

Daar word algemeen aanvaar dat entrepreneuriese sukses buitengewone risiko impliseer. Dit verbaas entrepreneurs omdat dit hulle taak is om dinge te laat werk deur te leer hoe om dit te beheer en so die risiko te verminder.

Daar word algemeen geglo dat entrepreneurs hoofsaaklik vir die finansiële vergoeding van die saak werk (Farrel, 1993:183). Die geleentheid om inisiatief te neem, kreatief te wees en onafhanklik te kan optree, is 'n veel groter beloning. Die skepping van iets anders of iets nuuts hou vir die ware entrepreneur groot beloning in (Gunderson, 1990:48-51).

Persone wat nie 'n rolmodel in die huis gehad het nie, kan baie baat vind deur in die opvoedkundige stelsel te leer hoe om 'n onderneming te begin. Omdat entrepreneurs glo dat hulle instaat is om hulle eie toekoms te bepaal, is dit uiters belangrik om selfrespek en selfvertroue by jong mense te ontwikkel. Entrepreneurskap word bevorder waar kinders van jongs af leer om in die gewoonte van verdien, spaar en belê te kom (Ashmore, 1990:218-219).

Die bestudering en bevordering van entrepreneurskap moet gebaseer word op die redes waarom entrepreneurskap belangrik is vir die ekonomiese welsyn van die gemeenskap. As aanvaar word dat ekonomiese groei onder meer afhanklik is van innovasie, dan behoort daar 'n positiewe korrelasie tussen entrepreneurskap en ekonomiese groei te wees. As entrepreneurskap krities vir ekonomiese vooruitgang is, ontstaan die vraag of 'n gemeenskap sy entrepreneuriese aktiwiteite en die aantal entrepreneurs kan vermeerder?

Algemene ekonomiese, entrepreneuriese opleiding behoort toekomstige entrepreneurs en lede van die gemeenskap tot voordeel te strek as werknemers en verbruikers (Rushing, 1992:29-33).

Die vraag is nie of entrepreneurskap in opvoedkundige programme aangebied moet word nie, maar eerder wat, wanneer en hoe dit aangebied moet word.

3. EKONOMIE EN ENTREPRENEURSKAPOPVOEDING

Ekonomie en tegnologie moet 'n integrale deel van 'n entrepreneurkapopvoedingsprogram wees. Ekonomiese opvoeding as deel van 'n entrepreneurkapopvoedingsprogram behoort 'n algemene begrip van ekonomie as deel van ekonomiese geletterdheid te gee.

Van die belangrikste ekonomiese elemente vir 'n entrepreneurkapopvoedingsprogram behoort die volgende in te sluit:

- * Die ekonomiese en politieke stelsel bevorder private ondernemings.
- * Entrepreneurs is die mense met idees en die organiseerders van produksiefaktore.
- * Entrepreneurs skep werkgeleenthede.
- * Pryse dien as rasionaliserings- en toedelingsmeganisme vir kopers en verkopers.

- * Pryse verander as gevolg van die verandering in die vraag en aanbod van goedere en dienste om verskeie redes.
- * Wins speel 'n belangrike rol in die ekonomie.
- * Daar is verskillende soorte en vorme van mededinging.
- * Owerheidregulasies en inmenging beïnvloed die mark.
- * Die ekonomiese lewe bestaan uit 'n reeks interafhanklikhede (Clow, 1990:200-208).

4. BENADERINGS TOT ENTREPRENEURSKAPOPVOEDING

Opvoedingsprogramme kan die mate waartoe entrepreneurskaptalent in 'n bevolking ontwikkel, direk beïnvloed (Anderson & Woodcock, 1996:26).

Baie meer mense het entrepreneurskappotensiaal as wat werklik 'n eie onderneming begin, aangesien baie van die eienskappe by suksesvolle persone in elke beroep voorkom (Anderson & Woodcock, 1996:14). Omdat dit baie moeilik of waarskynlik onmoontlik is om eienskappe van suksesvolle entrepreneurs te identifiseer, behoort entrepreneurskapopvoeding so wyd as moontlik in die kurrikulum van alle vakke aangebied te word (Bullock, 1988:3).

Een benadering is om aan die historiese rol van entrepreneurs in die ekonomie aandag te gee. 'n Groot deel van ekonomiese groei kan nie aan 'n verhoging van arbeid of kapitaal toegeskryf word nie. Tegnologiese vooruitgang hang grootliks van die individuele entrepreneur, uitvinder of innoveerder af (Timmons, 1994:104). Ekonomiese beleid moet ontwikkel word wat entrepreneuriese gedrag sal stimuleer tot die grootste moontlike voordeel van die gemeenskap. Die monetêre en fiskale beleid van die owerheid moet hieraan aandag gee.

Die tweede benadering glo dat opvoeders die eienskappe wat met entrepreneurskap geassosieer word, kan identifiseer en ontwikkel. Dit behels 'n proses om die individuele entrepreneuriese eienskappe te ontwikkel en te versterk en kennis aangaande die bestuur van 'n onderneming te verskaf. Die benadering impliseer 'n spiraalbenadering tot entrepreneurskapopvoedingsprogramme. Dit moet op voorskoolse vlak begin en tot op technikon en universiteitsvlak voortgaan. Enkele kursusse in entrepreneurskap is nie voldoende nie. Van die ander kursusse word vereis dat hulle ge-entreprenaliseer moet word. Dit beteken dat daar voortdurend na die entrepreneurskapprogram se inhoud verwys word. Die implikasie hiervan is dat die dosente van ander kursusse ook die entrepreneurskapprogram moet deurloop.

5. KRITERIA VIR 'N ENTREPRENEURSKAPPROGRAM

Die volgende kriteria verteenwoordig 'n opsomming van belangrike elemente in die ontwikkeling van 'n entrepreneurskapopvoedingsprogram. Die kriteria kom nie in voorkeurorde voor nie.

- * Moenie op regte antwoorde konsentreer nie. Wanneer daar net op regte antwoorde gekonsentreer word, word die kreatiewe ongestruktureerde energie in die regterbrein agterweê gelaat.

- * Die program moet op aktiwiteite gebaseer en hoogs deelnemend wees. Die tradisionele leeromgewing is nie bevorderlik vir die gees van entrepreneurskap nie.
- * Die program moet op die uitdaging van die status quo gerig wees. Studente moet leer dat alles verbeter kan word en ou antwoorde uitgedaag kan word.
- * Die program moet met die gemeenskap geïntegreer wees. Die grootste behoefte aan integrasie in die gemeenskap bestaan vir entrepreneurskap omdat entrepreneurs behoeftes, probleme en oplossings in hulle omgewing moet raaksien.
- * Die program moet lekker en opwindend wees. Pret, opwinding en humor inspireer innoverende denke en is kragtige leertegnieke.
- * Die program moet benaderings en aktiwiteite bevat wat die student se selfvertroue verbeter. Die belangrikste eienskappe van entrepreneurs is 'n gevoel van selfvertroue en om in jouself en jou idees te glo.
- * Die program moet dit moontlik maak om kennis en vaardigheid te kan toepas.
- * Die program moet na 'n potensiele beginpunt opbou. Die student wat belangstel moet met 'n gekose entrepreneursiese aktiwiteit na afloop van die program kan begin.
- * Groep en span aktiwiteite moet aangeleer word. Studente moet in groepe saamwerk om te leer om verantwoordelikheid te verdeel en oor te dra.
- * Sterk klem moet op die ontstaan, identifisering en evaluering van geleenthede gelê word. Die kern van entrepreneurskap is geleë in die benutting van 'n geleentheid.
- * Die program verweg van die dosent om entrepreneursies te wees. Die dosent kan as rolmodel voorbeelde van nuwe en innoverende idees verskaf.
- * Entrepreneurskap moet aan innovasie gekoppel word. Die geleentheid moet bestaan om nuwe, meer produktiewe, innoverende geleenthede te benut.
- * Die program moet op die gedragsdimensies van leer en nie net op die inhoud konsentreer nie. Die doel is om die individu te bereik en om sy perspektief, gedrag en houding oor hoe hy na die wêreld kyk en veral hoe hy na homself kyk en oor homself voel, te verander (Rabbior, 1990:56-65).

6. 'N MODEL VIR ENTREPRENEURSKAPOPVOEDING

Alle jong mense behoort aan entrepreneurskapopvoeding blootgestel te word. As dié konsep aanvaar word, word 'n lewenslange leerproses voorgestel. Die model aanvaar dat almal in die opvoedkundige stelsel die geleentheid behoort te hê om in die beginfasies van die program te leer en dan later dié wat dit waarskynlik oorweeg om 'n eie onderneming te begin.

Fase 1: Basies

In die pre-primêre, primêre en sekondêre skool word 'n leerervaring aangebied wat almal die kans gee om die besit van 'n onderneming as 'n geleentheid te sien. Kinders leer van die ekonomie en die voordele van 'n vryemarkstelsel. Kleinsakeondernemings is 'n belangrike element daarvan omdat dit die meeste werkgeleenthede skep en die meeste uitvindings daar plaasvind.

Die basiese fase verskaf aan alle jong mense die visie dat enige iemand 'n eienaar van 'n onderneming kan wees. Motivering om te leer en die bewuswording van 'n individuele geleentheid behoort die resultaat van die fase te wees. 'n Belangrike taak is om jong mense te leer dat elkeen suksesvol kan wees as hy die vaardighede en die deursettigsvermoë het.

Fase 2: Bekwaamheid bewustheid

Die fase begin vroeg in die opvoedkundige stelsel waar sekere vaardighede van die eienaarskap van 'n onderneming deur bekwaamheid bewustheid geleer kan word. In alle vakke word van kleinsake voorbeelde gebruik gemaak, byvoorbeeld in Rekenkunde word kontantvloeï gebruik om optel en aftrek te verduidelik en in Engels word invoer en uitvoer as aktiwiteit vir bespreking gekies. Deur die verskillende voorbeelde word kinders bewus gemaak van die eienaarskap van 'n onderneming en word verskillende konsepte in verskeie klasse oorgedra.

Die taak van die fase is om die persoon te leer om die taal van die besigheid te praat en probleme van die kant van die eienaar van 'n kleinsakeonderneming te sien. Dit beteken om in die skoene van die entrepreneur te staan en te verstaan waarom ondernemings sukses behaal of misluk en te leer van die belangrikheid van 'n werknemer se produktiwiteit, lojaliteit en bekwaamheid.

Fase 3: Kreatiewe toepassings

Die idee van leer om 'n eie onderneming te begin, is relatief nuut op skoolvlak. Meeste volwassenes het nie tyd om van ondernemings te leer wanneer hulle een wil begin nie. Die bestudering van entrepreneurskap op skool laat die student toe om 'n unieke ondernemingsidee te ontwikkel deur 'n lewensvatbaarheidstudie en 'n ondernemingsplan op te stel. Die kreatiewe toepassings vereis veel meer breedte en diepte van kennis as die vorige fases. 'n Konseptuele raamwerk van al die take in 'n onderneming ontstaan vir studente. Hulle leer hoe om die gemeenskap en die demografie te ontleed en hulle bemarkingstrategie te bepaal.

Die fase vind in die laaste aantal jaar van die sekondêre skool en by teknikons en universiteite plaas. Die kursusse moet bykomend tot bestuurskursusse aangebied word, want entrepreneurskap was nie tradisioneel deel van die kursusse nie. Die klem in die fase is op gevorderde kreatiwiteit, die vind van 'n geleentheid en so na as moontlik werklike ondervinding.

Ondervinding en indiensopleiding

Hier is 'n breek in die lewenslange entrepreneurskapopvoedingsmodel. Dit word gedoen om die behoefte aan ander ondervinding en vorme van opleiding aan te dui. Ondervinding kan help om insig te gee in die regte manier om jou eie onderneming te bestuur. Opvoeding help om selfvertroue en vaardighede te ontwikkel wat kan bydra tot die sukses van 'n onderneming. Meeste entrepreneurs het nie 'n naskoolse kwalifikasie nie.

- * Die program moet op aktiwiteite gebaseer en hoogs deelnemend wees. Die tradisionele leeromgewing is nie bevorderlik vir die gees van entrepreneurskap nie.
- * Die program moet op die uitdaging van die status quo gerig wees. Studente moet leer dat alles verbeter kan word en ou antwoorde uitgedaag kan word.
- * Die program moet met die gemeenskap geïntegreer wees. Die grootste behoefte aan integrasie in die gemeenskap bestaan vir entrepreneurskap omdat entrepreneurs behoeftes, probleme en oplossings in hulle omgewing moet raaksien.
- * Die program moet lekker en opwindend wees. Pret, opwinding en humor inspireer innoverende denke en is kragtige leertegnieke.
- * Die program moet benaderings en aktiwiteite bevat wat die student se selfvertroue verbeter. Die belangrikste eienskappe van entrepreneurs is 'n gevoel van selfvertroue en om in jouself en jou idees te glo.
- * Die program moet dit moontlik maak om kennis en vaardigheid te kan toepas.
- * Die program moet na 'n potensieële beginpunt opbou. Die student wat belangstel moet met 'n gekose entrepreneuriese aktiwiteit na afloop van die program kan begin.
- * Groep en span aktiwiteite moet aangeleer word. Studente moet in groepe saamwerk om te leer om verantwoordelikheid te verdeel en oor te dra.
- * Sterk klem moet op die ontstaan, identifisering en evaluering van geleenthede gelê word. Die kern van entrepreneurskap is geleë in die benutting van 'n geleentheid.
- * Die program verwag van die dosent om entrepreneursies te wees. Die dosent kan as rolmodel voorbeelde van nuwe en innoverende idees verskaf.
- * Entrepreneurskap moet aan innovasie gekoppel word. Die geleentheid moet bestaan om nuwe, meer produktiewe, innoverende geleenthede te benut.
- * Die program moet op die gedragsdimensies van leer en nie net op die inhoud konsentreer nie. Die doel is om die individu te bereik en om sy perspektief, gedrag en houding oor hoe hy na die wêreld kyk en veral hoe hy na homself kyk en oor homself voel, te verander (Rabbior, 1990:56-65).

6. 'N MODEL VIR ENTREPRENEURSKAPOPVOEDING

Alle jong mense behoort aan entrepreneurskapopvoeding blootgestel te word. As dié konsep aanvaar word, word 'n lewenslange leerproses voorgestel. Die model aanvaar dat almal in die opvoedkundige stelsel die geleentheid behoort te hê om in die beginfasas van die program te leer en dan later dié wat dit waarskynlik oorweeg om 'n eie onderneming te begin.

Fase 1: Basies

In die pre-primêre, primêre en sekondêre skool word 'n leerervaring aangebied wat almal die kans gee om die besit van 'n onderneming as 'n geleentheid te sien. Kinders leer van die ekonomie en die voordele van 'n vryemarkstelsel. Kleinsakeondernemings is 'n belangrike element daarvan omdat dit die meeste werkgeleenthede skep en die meeste uitvindings daar plaasvind.

Baie entrepreneurs besluit om 'n eie onderneming tydens 'n krisis in hulle lewe te begin. Die sogenaamde stoot faktor soos die verlies van werk of gebrek aan bevordering. Wat ookal die rede vir die begin van 'n eie onderneming, die ondervinding en opleiding help om deskudigheid te ontwikkel, kontakte op te bou en te verstaan hoe om 'n onderneming te bestuur.

Fase 4: Begin van 'n onderneming

Verskeie opleidingsprogramme en instansies is beskikbaar om volwassenes te help met die besluit om 'n eie onderneming te begin. Die programme is veral op die onervare persoon gerig. Die resultaat van die programme is beter beplanning en kennis van die elemente vir sukses. Dit kan ook gebeur dat mense agterkom dat 'n onderneming nie vir hulle is nie voordat hulle hulle spaargeld daarin belê. Hierdie programme pas kennis van al die vorige fases op die werklikheid toe. So kan die aantal ondernemings wat faal waarskynlik drasties verminder word.

Fase 5: Ondernemingsgroei

Hulp aan bestaande kleinsakeondernemings is beskikbaar van instansies wat betrokke was by die begin van die ondernemings. Hierdie fase is daarop ingestel om die eienaars van ondernemings te help om tred te hou met veranderinge. Die idee is om aan eienaars van ondernemings hulp te verskaf voordat dit onmoontlik is om die situasie om te draai.

Ondersteuning en deurlopende opleiding deur middel van seminare en werksinkels kan eienaars van ondernemings help om in voeling met veranderings te bly en voortdurend daarby aan te pas. Die klem moet op finansiële beplanning, voorraadbeheer, bemaking, mannekragbestuur en strategiese bestuur val (Ashmore, 1990:213-217).

7. FASES IN DIE AANBIEDING VAN ENTREPRENEURSKAP

As deel van 'n lewenslange entrepreneurskapopvoedingsproses kan die moontlike fases in die aanbieding van entrepreneurskap soos volg by die PU vir CHO gevisualiseer word:

- Fase 1: Entrepreneurskap as een van die semesterkursusse in ondernemingsbestuur op voorgraadse vlak. Die fase het reeds in 1991 begin en terselfdertyd is intrapreneurskap en later entrepreneurskap op nagraadse vlak aangebied.
- Fase 2: 'n Semesterkursus in entrepreneurskap aan alle studente by die universiteit. Die fase het reeds 'n paar jaar gelede 'n aanvang geneem, maar meeste fakulteite besef nog nie die waarde van so 'n kursus nie.
- Fase 3: **Vir nie-ekonomiese en bestuurswetenskappe studente die volgende semesterkursusse:**
(i) Entrepreneurskap (aangebied deur departement ondernemingsbestuur).

- (ii) Vakwetenskaplike toepassing (aangebied deur die spesifieke departemente).

Vir ekonomiese en bestuurswetenskappe studente die volgende semesterkursusse:

- (i) Toegepaste ekonomie, tegnologie en die rol van entrepreneurskap.
- (ii) Visie, kreatiwiteit en entrepreneurskap.
- (iii) Geleenthede, lewensvatbaarheid en die ondernemingsplan.

Bogenoemde kursusse behoort deur rekenaarprogramme ondersteun te word en binne die beperking van beperkte hulpbronne sover moontlik volgens die kriteria vir 'n entrepreneurskapopvoedingsprogram aangebied te word.

8. SAMEVATTING

Vir entrepreneurskapopvoeding van die een en twintigste eeu is daar geen substituuat vir 'n goeie teoretiese onderbou nie, maar die tradisionele leeromgewing moet aangepas word om meer aandag aan kreatiwiteit, innovasie, ekonomiese beginsels en tegnologie te gee. Die program moet op aktiwiteite gebaseer, hoogs deelnemend van aard en 'n aangename ervaring wees.

Entrepreneurskapopvoeding is nie net daarop gerig om mense aan te moedig om ondernemings te begin nie, dit behoort 'n bevolking te ontwikkel wat meer kreatief, innoverend en risikonemend op alle terreine van die samelewing sal wees.

9. BIBLIOGRAFIE

- ANDERSON, A.H. & WOODCOCK, P. 1996. *Effective entrepreneurship: a skills and activity based approach*. Cambridge, Mass.: Blackwell.
- ASHMORE, M.C. 1990. *Entrepreneurship in vocational education*. (In Kent, C.A. ed. *Entrepreneurship education: current developments, future directions*. New York: Quorum Books. p.211-229.)
- BULLOCH, J. 1988. *Entrepreneurship and development*. *Journal of small business and entrepreneurship*, 6(1):3-7, Fall.
- CLOW, J.E. 1990. *What entrepreneurship education should teach about economics*. (In Kent, C.A. ed. *Entrepreneurship education: current developments, future directions*. New York: Quorum Books. p.199-210.)
- FARRELL, L.C. 1993. *Searching for the spirit of enterprise*. New York: Dutton.
- GUNDERSON, G. 1990. *Thinking about entrepreneurs: models, assumptions, and evidence*. (In Kent, C.A. ed. *Entrepreneurship education: current developments, future directions*. New York: Quorum Books. p.41-52.)
- JENNINGS, D.F. 1994. *Multiple perspectives of entrepreneurship: text, readings and cases*. Cincinnati: South-Western.
- RABBIOR, G. 1990. *Elements of a successful entrepreneurship /economics /education program*. (In Kent, C.A. ed. *Entrepreneurship education: current developments, future directions*. New York: Quorum Books. p.53-65.)

- RUSHING, F.W. 1990. Entrepreneurship and education. (*In Kent, C.A. ed. Entrepreneurship education: current developments, future directions. New York: Quorum Books. p.28-39.*)
- TIMMONS, J.A. 1994. New venture creation: entrepreneurship for the 21st century. 4th ed. Boston. Mass.: Irwin.
- VAN DER WESTHUIZEN, P.C. 1978. Die implikasies van 'n christelike kenteorie vir die opvoedkunde. Potchefstroom. Proefskrif (D.Ed.) - PU vir CHO.